



GEHEIMSINNIGE KRAG IN MY LEWE

In 1929 het Frank Morris aan boord 'n skip gegaan op pad na Switserland. Hy het vir geruime tyd uitgesien na die reis. Maar dit was toe uiteindelik 'n baie vernederende ondervinding. 'n Hofmeester wat aangestel is om na hom om te sien, het elke nag vir Frank in sy kajuit toegesluit. Na 'n vinnige ontbyt kon Frank 'n bietjie oefening kry, maar hy het soos 'n gek gevoel om op die dek rondgelei te word soos 'n dier aan 'n leiband. Dan het die hofmeester vir Frank op 'n dekstoel neergesit. Wanneer hy 'n vriendelike passasier ontmoet het wat hom wou neem om saam te gaan stap, het die hofmeester kapsie gemaak en gesê hy moet 'n oog oor Frank hou.

Frank was 'n volwassene, met die normale nuuskierighede en begeertes van 'n volwassene. Maar hy was ook blind. Die hofmeester het veronderstel dat hy nie vir homself kon sorg nie. Frank is behandel soos 'n pakkie wat rondgesleep moet word.

Maar in Switserland het Frank se lewe dramaties verander. Gedurende sy besoek daar het hy te hore gekom van honde wat opgelei word as gidse vir blindes. Hy het toe 'n Duitse Herdershond met die naam Buddy saam met hom teruggebring na die Verenigde State, en daar het Frank 'Seeing Eye' begin, nou 'n wêreldwye organisasie.

Met Buddy nou aan sy sy, kon Frank enige plek heengaan, enige tyd saam met enigeen. Hy het uiteindelik vry gevoel. Tydens 'n demonstrasie aan 'n groep verslaggewers by 'n besige kruispad in New Yorkstad, het Buddy sy meester bedrewe van die een baan na die ander geneem terwyl die motors verbygejaag het. Omdat hy op Buddy vertrou het, het Frank dit maklik gedoen. Maar die siende verslaggewers het dit baie moeiliker gevind; een het selfs 'n huurmotor geneem om aan die ander kant van die straat te kom.

In die volgende paar bladsye gaan ons leer van die Heilige Gees, 'n Gids wat wil hê dat ons ons lewens in Sy hande moet plaas. Ons is almal gestrem deur dieselfde menslike natuur, dieselfde blindheid vir dit wat werklik belangrik is. Die lewe gaan so vinnig by ons verby dat ons vind dat ons dikwels net kop bo water hou, in plaas daarvan om werklik êrens te kom. Ons huiwer egter steeds om ons lewens volkome aan hierdie Gids toe te vertrou. Maar daardie ontdekking wat op elkeen van ons wag is dit: Ons sal ware vryheid en krag vind deur te vertrou op die Heilige Gees om ons deur die lewe te lei.

1. CHRISTUS SE VERTEENWOORDIGER IN DIE WÊRELD

Toe Christus gereed was om na die hemel toe op te vaar, het Hy aan sy dissipels 'n weergalose geskenk belowe:

“Maar Ek sê vir julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal DIE TROOSTER nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal ek Hom na julle stuur; ... maar wanneer Hy gekom het, DIE GEES VAN DIE WAARHEID, sal HY JULLE IN DIE HELE WAARHEID LEI; ...HY SAL MY VERHEERLIK, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.” – Johannes 16:7, 13, 14. (Tensy anders vermeld is alle Skrifgedeeltes in die ONTDEK gidse geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)

Volgens die Goddelike plan, moes Jesus teruggaan Hemel toe as ons verteenwoordiger voor God se troon en om “voor die aangesig van God vir ons te verskyn” (Hebreërs 9:24). Terwyl ons gekruisigde Heer ons in die hemel verteenwoordig, het ons ook die Heilige Gees as ons RAADGEWER en LEIDSMAN reg hier op die aarde. Hy is Jesus se direkte verteenwoordiger.

Terwyl Hy hier was het Jesus binne die beperkinge van ‘n menslike liggaam gedien en Hy kon nie oral teenwoordig wees nie. Maar die Heilige Gees het geen sulke beperkings nie; Hy kan dien as ‘n persoonlike Raadgewer en ‘n Gids vir ontelbare persone op baie plekke op dieselfde tyd. Christus voorsien in ons behoeftes deur die Heilige Gees.

2. WIE IS DIE HEILIGE GEES?

Die meeste van ons kan God die Vader in verband bring met die mees sorgsame, liefdevolle ouer wat ons ooit geken het. En ons kan Jesus die Seun voorstel, omdat Hy as ‘n mens saam met ons gewoon het. Maar die Heilige Gees is moeiliker om voor te stel en in verband te bring. Daar is geen menslike vergelykings nie. Die Bybel gee egter vir ons spesifieke inligting rakende die Heilige Gees:

‘n Persoonlikheid. Jesus verwys na die Heilige Gees as ‘n persoon, ‘n lid van die Godheid, saam met God die Vader en God die Seun:

“Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die naam van die VADER, en die SEUN, en die HEILIGE GEES.” – Matteus 28:19.

Die Gees het persoonlike eienskappe: ‘n verstand (Romeine 8:27); wysheid (1 Korintiërs 2:10); gevoelens van liefde tot ons (Romeine 15:30); gevoelens van hartseer wanneer ons sonde doen (Efesiërs 4:30); die vermoë om ons te leer (Nehemia 9:20); en krag om ons te lei.

Betrokke by die Skepping. Die Heilige Gees het deelgeneem aan die formering van ons wêreld saam met die Vader en die Seun.

“In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die GEES VAN GOD het gesweef op die waters.” – Genesis 1:1,2.

3. DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE HEILIGE GEES

(1) **Verander die menslike hart.** Gedurende Sy gesprek met Nikodemus het Jesus die rol van die Heilige Gees beklemtoon om die menslike hart te verander:

“Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie GEBORE word uit water en GEES nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.” – Johannes 3:5.

Om “gebore te wees uit die Gees” beteken dat die Gees aan ons ‘n nuwe begin gee. Dit is meer as net ‘n geval van ons gedrag wat ‘n bietjie verander word. Die Gees verander ons van binne af na buite, en vervul die belofte: “En Ek sal julle ‘n nuwe hart gee” (Esegiël 36:26).

(2) **Maak ons bewus van verkeerde dade en gee aan ons ‘n begeerte om heilig te wees:**

“En as Hy [die Heilige Gees] kom, sal HY die wêreld OORTUIG VAN SONDE EN VAN GEREGTIGHEID en van oordeel.” – Johannes 16:8.

Wanneer jy die dramatiese verhaal hoor van iemand wat verander het van ‘n immorele lewenswandel en na God gekeer het en ‘n getroue eggenoot en sorgsame

ouer geword het, onthou dat elke tree tot volledigheid gekom het as gevolg van die aansporing van die Heilige Gees.

(3) Lei ons in ons daaglikse lewe. Christus praat direk met ons deur die “stil, sagte stem” van die Gees.

“En jou ore sal ‘n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan.” – Jesaja 30:21.

Deur satellietuitsendings bring ons TV-stelle gereeld beelde en gesigte van ‘n ander kontinent tot reg in ons woonkamers. Die Heilige Gees werk ‘n bietjie soos God se satelliet, en dit bring die teenwoordigheid van Christus van die hemel tot op aarde, deur Hom naby aan ons te bring wanneer ons Hom die nodigste het. (Johannes 14:15-20).

(4) Staan ons by in ons gebedslewe.

“En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, MAAR DIE GEES SELF TREE VIR ONS IN met onuitspreeklike sugtinge. ...omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree.” – Romeine 8:26, 27.

Wanneer ons ‘n probleem het om die woorde te vind, bid die Heilige Gees vir ons. Wanneer ons so moedeloos is dat ons net tot God kan sug, versterk die Gees ons sagte geroep om hulp voor dieselfde troon van God waar Jesus nou intree.

(5) Ontwikkel Christelike eienskappe en karakter. Die Gees maak persone wat Geestelik vrugtelos is, weer so vrugbaar soos ‘n boom wat allerhande soorte vrugte dra.

“MAAR DIE VRUG VAN DIE GEES is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.” – Galasiërs 5:22.

Deur die vrugte van die Gees te dra, bewys dat ons by die ware wynstok, Jesus ingeënt is (Johannes 15:5). Jesus kan eintlik Sy oorfloedige lewe deur ons lewe, deur middel van die krag van die Gees.

(6) Voorbereiding as getuies. Jesus belowe:

“MAAR JULLE SAL KRAG ONTVANG wanneer die HEILIGE GEES oor julle kom, en julle sal MY GETUIES wees ... tot aan die uiterste van die aarde.” – Handeling 1:8.

Almal wat gewillig is kan getuies gemaak word deur die Gees. Ons mag miskien nie al die antwoorde hê nie, maar die Gees kan aan ons ‘n verhaal gee om te vertel wat harte en verstande kan verander. Die apostels het probleme gehad om voor Pinkster te kan kommunikeer, maar nadat die Gees gekom het, het hulle Christus met so ‘n krag verkondig dat hulle “die wêreld in opstand gebring” het (Handeling 17:6). Of letterlik die wêreld verander het.

4. DIE GAWES VAN DIE GEES

Die Skrifte maak ‘n onderskeid tussen God se gawe van die Heilige Gees aan elke gelowige vir ‘n oorwinnende Christelike lewe, en die verskillende gawes van die Gees wat voorsien word aan gelowiges vir doeltreffende bedieninge op verskillende maniere.

“Toe Hy [Christus] opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en GAWES AAN DIE MENSE GEGEE. ... En Hy het gegee sommige as APOSTELS, ander as PROFETE, ander as EVANGELISTE, ander as HERDERS en LERAARS, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk.” – Efesiërs 4:8, 11, 12.

Elke Christen ontvang nie al die gawes nie, party mag meer gawes ontvang as ander; die Gees “wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.” (1 Korinthiërs 12:11). Die Gees rus elke gelowige toe vir sy of haar spesiale rol in God se plan. God weet wanneer en waar om die gawes te voorsien wat Sy volk en Sy kerk die beste sal seën.

Nog ‘n ander lys van geestelike gawes word gevind in 1 Korinthiërs 12:8-10 en dit sluit in wysheid, kennis, geloof, genesing, profesie, praat in verskillende tale, en die vertolking van tale (verse 8-10).

Paulus moedig ons aan om ons te “beywer ... met die oog op die beste gawes” en voeg dan by: “en ek wys julle ‘n nog uitnemender weg.” (1 Korinthiërs 12:31). Die hoofstuk oor die liefde (1 Korinthiërs 13) wat hierdie teksvers opvolg beklemtoon dat “die uitnemender weg” die weg van die liefde is. En Liefde is die vrug van die Gees (Galasiërs 5:22).

Ons behoort net begaan te wees om die vrugte van die Gees te begeer en die Gees dan toe te laat om Sy gawes aan ons uit te deel “soos Hy wil” (1 Korinthiërs 12:11).

5. DIE VOLHEID VAN DIE GEES MET PINKSTER

Op Pinksterdag is die Gees in ‘n onbepaalde mate uitgestort, ter vervulling van Jesus se belofte: ***“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees ... tot aan die uiterste van die aarde.” – Handeling 1:8.***

Tydens die Pinksterfees het die Gees die apostels in staat gestel om die evangelie duidelik te verkondig in die tale van die mense “uit elke nasie wat onder die hemel is” (Handeling 2:3-6).

Sommige Bybelstudente vergelyk die koms van die Gees met die val van die vroeë herfs- en die laat lentereën in Palestina (Joël 2:23). Die Gees wat geval het tydens Pinkster was soos die “vroeë reën” van die lente wat veroorsaak het dat die saad uitspruit en noodsaaklike voeding aan die Christelike kerk in sy vroeë stadium gegee het.

6. DIE LAAT REËN VAN DIE GEES

Bybelse profesie leer ons dat daar ‘n dag kom wanneer die Gees van God soos ‘n reën bui op die kerk uitgestort sal word, en die kerk se lidmate sal versterk as getuies (Joël 2:28, 29). Eeue is reeds verby en die evangelieverhaal het versprei oor ‘n groot deel van die aarde. Dit is nou tyd vir die *laat reën* om die graan te laat ryp word en dit gereed te maak om geoes te word.

Namate die geskiedenis na ‘n hoogtepunt beweeg net voor Christus se Wederkoms, sal God elke opregte gelowige vir die hemel voorberei deur ‘n groot uitstorting van Sy Gees. Ondervind jy nou die *vroeë reën* wat die kerk voorberei vir die *laat reën* van die Gees? Lewe jy ‘n Gees-vervulde lewe? Is jy bemaagtig deur die Gees, en sal jy toelaat dat God jou gebruik om die nuus van Sy onbeskryflike liefde en spoedige wederkoms te vertel?

7. VOORWAARDES OM DIE HEILIGE GEES TE ONTVANG

Tydens die Pinksterfees het die Heilige Gees diegene wat die evangelie gehoor het, gedring om uit te roep, “Wat moet ons doen, Broeders?” (Handeling 2:37).

“En Petrus sê vir hulle: BEKEER JULLE, en LAAT ELKEEN VAN JULLE GEDOOP WORD in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en JULLE SAL DIE GAWE VAN DIE HEILIGE GEES ONTVANG.” – Handeling 2:38.

Bekering – om weg te draai van ‘n sondige lewenswyse en na Christus te keer – is ‘n voorwaarde om die gawe van die Gees te ontvang. Sodat die Gees op ons uitgestort kan word, moet ons ons eers bekeer en ons lewens aan Christus toewy. Jesus het ook beklemtoon dat ‘n gewilligheid om Hom te volg en Hom te gehoorsaam, ‘n voorwaarde is om die gawe van die Heilige Gees te ontvang (Johannes 14:15-17).

8. DIE GEES-VERVULDE LEWE

Voordat Hy die wêreld verlaat het, het Jesus Sy volgelinge beveel:

“En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die BELOFTE van die Vader ... Want Johannes het wel MET WATER GEDOOP, maar julle sal MET DIE HEILIGE GEES GEDOOP WORD, nie lank na hierdie dae nie.” – Handeling 1:4, 5.

Oor en oor lees ons in die Skrifte dat die Christen “met die Heilige Gees vervul” moet word (Handeling 2:4; 4:8; 4:31; 6:3; 6:5; 7:55; 9:17; 13:9; 13:52; 19:6). Die Heilige Gees maak die lewe van ‘n Christen vervuld en lieflik omdat ‘n Gees-gevulde lewe Christus se ideale vir ons bereik.

Terwyl Hy die Gees-gevulde Christelike lewe beskryf het, het Paulus hierdie gebed vir elke gelowige gebed:

“Dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlijkheid OM MET KRAG VERSTERK TE WORD DEUR SY GEES IN DIE INNERLIKE MENS, sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, ... En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, VOLGENS DIE KRAG WAT IN ONS WERK” – Efesiërs 3:16, 17, 20.

Soos Frank Morris met sy getroue gidshond Buddy, kan ons, met die Heilige Gees as gids binne in ons, onmeetlike dinge meer doen as wat ons tevore kon doen. Met nuwe begeertes en nuwe vermoëns, word ons in staat gestel om vol vertrouwe vorentoe te beweeg in plaas daarvan om te probeer om net die lewe se probleme te hanteer.

Hierdie Gees-gevulde ondervinding word elke dag hernu deur gebed en Bybelstudie. Gebed hou ons in noue verbinding met Christus en die studie van die Woord van God hou ons gefokus op Sy hulpbronne. Dit breek elke muur af wat tussen ons en Christus mag kom wat Hom verhoed om Sy weergalose Gawe van die Gees uit te stort. Dit is hoe ons groei en slegte gewoontes en gesindhede vervang met gesonde eienskappe.

Romeine 8 gee aan ons ‘n opwindende beskrywing van die Gees-gevulde lewe. Lees dit wanneer jy kan en let op hoeveel maal Paulus verwys na die Gees as die krag agter die Christelike lewe.

Het jy al die wonderlike ontdekking van die Gees-gevulde lewe gemaak? Is jy bewus van die teenwoordigheid van die Gees in jou lewe? Ondervind jy Sy lewegewende krag? Maak jou lewe oop vir die grootste krag in die heelal.